Woensdag Brief 7 Oktober 2020

Die hele skepping is baie vreemder as wat jy dink. Van die nuutste inligting is dat alles meer in ons interpretasie setel, as wat ons sintuie waarneem. Hoe ook al sy is daar heelwat sake wat duidelik sigbaar is hoewel die onderbou daarvan diep versteek is. Een hiervan is dat die ekskuus-dat-ek-lewe-ingesteldheid 'n kwaadaardige siekte is. Daar is 'n leesbare artikel oor die onderwerp deur Pieter Labuschagne, 'n professor emeritus in politieke wetenskap, in die dagblaaie van die afgelope paar dae. Prof. Labuschagne se invalshoek het te make met tradisionele fondasies, maar in hierdie brief gaan dit oor die versteekte beginsel eerder as wat daarop gebou kan word.

Verlede week praat ek met 'n kollega van ouds. Die kerk het hom baie seergemaak en, sê hy, die kerk is die enigste weermag wat sy gewondes op die slagveld agterlaat om dood te gaan. Klink erg, maar vele mense wat terugslag op terugslag beleef voel so oor die lewe en hulle familie en/of gemeenskap. In die diereryk is hierdie soort van drif alledaags. In die diereryk, veral predatore wat in troppe woon, maak hulle hul gewondes self dood uit die drif vir oorlewing – gewondes los 'n spoor vir vyande en maak van die trop 'n maklike prooi.

Tydens my bediening onder die sogenaamde Boesmans in Namibië en Botswana is aan my vertel dat vrouens wat tweelinge baar steeds een van die tweeling eenvoudig in die veld los om dood te gaan. As mens die geskiedenis nalees van die Romeinse tydperk en van die tydperke daarvoor, was dit nie ongewoon by vrouens wat swaarkry en nie kos vir hulle babas het nie, om die babas in die veld te gaan los sodat roofdiere hulle kon opeet. Deesdae geskied dieselfde vir selfde en ander redes via wettige aborsies.

'n Gewonde dier of onnodige baba het nie veel kans teen die natuurlike drif van oorlewing van die trop of groep nie. So sal die befaamde wetenskaplike in evolusionêre biologie Richard Dawkins ook uitwys met die klem dat ons genetiese vordering ook aan die drif onderworpe is. En deesdae word hierdie aspekte al meer gesien in neo-marxisme – min of waarvan Labuschagne die vrug van uitwys as ekskuus-dat-ek-lewe-ingesteldheid. Hierdie neo-marxisme – oor die algemeen word gepraat van 'n kulturele revolusie en aldus Gad Saad in sy boek 'The Parasitic Mind' is die drif besig om die menslike brein te parasiteer deur slordige denke en aanvaarding van toksiese idees as die norm.

'n Ekskuus-dat-ek-lewe-ingesteldheid is 'n voorbeeld van so 'n aansteeklike gedagte-kiem wat besig is om ontwikkeling te kniehalter – oor die algemeen, maar natuurlik ook t.o.v. gemeenskap en kultuur-omgewings. Die onderbou-drif van hierdie spruit uit die postmodernisme waar geen waarheid as objektief aanvaar word nie. Dit laat die veld oop vir elkeen se siening om belangriker geag te word as ander s'n. Die BLM is so 'n voorbeeld, asook die huidige regeringsbesluit dat kultuur-ikone van die vorige bedeling in temaparke geplaas moet word en verwyder moet word vanuit die openbare oog.

Gad Saad wys in sy boek dat iets soos 'n ekskuus-dat-ek-lewe-ingesteldheid beskou kan word as die agste dodelike sonde wat hy meen lafhartigheid is. Om stil te bly en 'n laat-maar-gaan houding te volg oor jou oortuigings in eerbiedigheid teenoor ander se sienswyse, is idee-moord. Idee-moord is dikwels dieselfde as kultuur-versmoring. Op die diepste vlak hiervan geskied 'n ekskuus-dat-ek-lewe-ingesteldheid redelik gou 'n inprenting op die genetiese vlak. As dit op groot skaal gebeur,

volg wat genoem word 'n kudde-vernietiging. Hierdie is 'n bekende benadering wat deur diktators gevolg word. Hiervan is Mao Zedonk en Adolf Hitler se kulturele revolusies 'n baie goeie voorbeeld.

'n Ekskuus-dat-ek-lewe-ingesteldheid is soos 'n kwaadaardige sel wat gevoed word deur radikalisme en anargisme veral as dit ideologies gedryf word. Voorbeelde hiervan is die knieval in oormoed met BLM en ook die Clicks-sjampoe debakel. In 'n artikel van Denis Venter in 'n onlangse uitgawe van Beeld (*'n Stryd om kritiese denke*) verwys hy na die Amerikaanse skrywer Kylie Smith wat praat van die omskakeling van wit skuldgevoel tot 'n kultus. Dit is presies wat prof. Labuschagne noem ekskuus-dat-ek-lewe-ingesteldheid. In die artikel word die Amerikaanse politieke kommentator Ben Shapiro ook aangehaal dat hy reken die ideologiese drif teen byvoorbeeld wit mense poog om hulle te laat ineenkrimp in 'n soort van ekstatiese self-foltering of angs in massa demonstrasies van berouvolle selfvernedering. Kolonialisme is natuurlik weer 'n voorbeeld van die teenoorgestelde.

Die antwoord setel sekerlik nie in 'n terugveg poging wat dieselfde wapens gebruik nie. Die antwoord is nie om wit mense of swartmense in die see te vee nie. Veel eerder sou dit wees om die skepping te laat blom deur die omhelsing van verskeidenheid waar alle fasette nodig is vir ontwikkeling. Dit sou ook vra dat jy nie dit wat eie aan jouself is deur stilswye laat afbreek nie – en dit beteken nie 'n ras-meerderwaardigheid nie. Dié soort van humanisme van eiegeregtigheid waar alles wat nie meedoen aan 'jou waarheid' as haatspraak benoem word, het al tot die ondergang gelei van groot volke en altyd tot die versmoring van ontwikkeling.

Die skepping moet nie afgebreek word tot die laagste gemene faktor nie, maar opgebou word deur die trekkrag van die beste idees en insigte. Die Skepper se voorstel kry ons in die reënboog waar die lig deur 'n prisma oopval in al die kleure onder die son. Dit is welbekend dat daar in alles 'n kantelpunt bestaan waar iets óf beter word, óf slegter word. Deur net 'n gedeelte van 'n woud uit te haal, kan die hele woud vernietig word. Iets hiervan sien ons nou in Suid-Afrika. Dis nie mense wat salaris kry wat sukses bied nie, maar die bekwaamheid van mense. Dis nie mense wat die Skepper se koninkryk grootmaak nie, maar die oortuigings van mense. Dis nie grond wat boer nie, maar boere met grond.

Mooiloop tot volgende keer.